Vrae ontvang van belanghebbers (ingedien deur Willie Louw op 29 November 2015) en antwoord van die WNNR SKA Fase 1 strategiese-omgewing-assessering (SOA)-span.

Afkortings	
AGA	Wet op Astronomie en Geografiese Voordele (In Engels AGA - Astronomy Geographic Advantage Act)
DEA	Departement van Omgewingsake (In Engels:DEA: *Department of Environmental Affairs*)
DST	Departement van Wetenskap en Tegnologie (In Engels:DST: *Department of Sciences and Technologies*)
NGO	Nieregegringsorganisasies (in Engels: NGO: non-governmental organization)
SAEON	Suid-Afrikaanse Omgewings-observasienetwerk (in Engels:SAEON: South African Environmental Observation Network)
SIP	Strategiese Geïntegreerde Projek (in Engels: SIP: Strategic Integrated Project 16)
SKA	vierkantekilometer-reeksteleskoop (In Engels:SKA: *square kilometre array*)
SOA	strategiese-omgewing-assessering (In Engels: SEA: Strategic *Environmental* Assessment)
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (In Engels: CSIR: Council for scientific and industrial research)
Woordomskrywings	
MeerKAT	verwys na die voorloper van die SKA, wat uit ’n reeks van 64 aaneengeskakelde reseptore bestaan (’n reseptor is die volledige antennestruktuur met die hoofweerkaatser, subweerkaatser en alle opvangers, digiteerders en ander elektroniese onderdele klaar geïnstalleer). MeerKAT sal met die middelfrekwensiekomponent van SKA Fase 1 geïntegreer word.
SKA	verwys na die radioteleskoopprojek wat in Australië en in Suid-Afrika opgerig gaan word. Dit sal ’n gesamentlike opvanggebied van ongeveer een vierkante kilometer hê. Die SKA sal die wêreld se grootste en gevoeligste radioteleskoop – ongeveer 50 keer gevoeliger as ander teleskope – wees, en tot 10 000 keer vinniger as die beste bestaande radioteleskope (wat opnamespoed betref). Dit sal kragtig genoeg wees om radiogolwe op te tel vanaf voorwerpe wat miljoene of selfs biljoene ligjare ver van die Aarde af is. Die SKA sal bestaan uit drie verskillende soorte antennes (opvangers) wat ontwerp is om teen verskillende frekwensies te werk: (i) skottels wat min of meer soos ’n DSTV-antenne lyk, net veel groter – ongeveer 13 m op die deursnee; (ii) enorme plat, skyfvormige antennes van ongeveer 60 m in die breedte; en (iii) klein, regop radioantennes met ’n hoogte van ongeveer 1,5 m. Wanneer dit klaar geïnstalleer is, sal die duisende SKA-skottels en ander soorte radio-opvangers saam soos een reusagtige virtuele instrument funksioneer.
Strategiese geïntegreerde projekte (SIP’s)	verwys na katalitiese projekte wat die pas van ontwikkeling en groei kan versnel as dit belyn word volgens sleutel- dwarsliggende aspekte soos menslike-nedersetting-beplanning en vaardigheidsontwikkeling, wat maatskaplike en ekonomiese infrastruktuur oor al nege provinsies heen insluit.
Strategiese-omgewing-assessering (SOA)	verwys na ’n sistematiese proses ter ondersteuning van ’n besluit, met die oogmerk om te verseker dat omgewingsake en moontlik ook ander aspekte van volhoubaarheid doelmatig in ag geneem word wanneer beleid, planne en programme opgestel word. Deur op hoërvlakprosesse te fokus, vul die SOA die OIA op projekvlak aan en verskaf ’n raamwerk daarvoor. ’n Verdere onderskeid wat tussen OIA en SOA getref word, is dat OIA gebruik word om die omgewingsimpakte van ontwikkeling te meet, terwyl SOA daarop gemik is om die geleenthede vir en beperkings op ontwikkeling te oorweeg wat deur die omgewing daargestel is.

1. Kan vrae via e-pos aan 'n amptelike WNNR webtuiste gestuur word om sodoende direk deur die WNNR beantwoord te word? Kan alle vrae en antwoorde op die amptelike WNNR webtuiste gelaai word wat die geinteresseerde partye in staat stel om toegang tot die vrae en die antwoorde te hê en dit te te volg?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 1:

Vrae en antwoorde oor die SOA proses, SOA-verslae en spesialisstudies wat by die SOA-proses ingesluit is kan gestuur word na Skaphase1@csir.co.za (hierdie e-posadres is geskep vir die SKA Fase 1 WNNR SOA-span), of direk ingedien word by die SOA-webwerf (www.skaphase1.csir.co.za) op die "Contact us/Kontak ons" bladsy.

Vrae van belanghebbers en antwoorde van die WNNR SOA-span sal aan die publiek beskikbaar gestel word op die SOA-webwerf (www.skaphase1.csir.co.za) op die "Comments and Responses/Kommentaar en antwoorde" bladsy.

Vrae en kommentaar oor enige aspekte (tegnies, administratief, wetlik en finansieel) van die SKA SA-projek sowel as enige kapasiteitsontwikkelingsplan en opvoedkundige programme moet geadresseer word aan:

Science Communication SKA SA,Vir aandag Mnr. Lorenzo Raynard,
Straatadres: The Park, Park Road, Pinelands, 7450, Kaapstad, Suid-Afrika
E-pos: lraynard@ska.ac.za
Tel: +27 21 506 7319 (direk) / Tel: +27 21 506 7300 (skakelbord)

Vrae en kommentaar oor die regulatoriese aspekte van die SKA-projek insluitend die Wet op Astronomie en Geografiese Voordele (AGA), SKA-verklarings en regulasies moet geadresseer word aan:

Departement van Wetenskap en Tegnologie (DST) Kommunikasie Direktoraat, vir aandag Mev. Johanetta Clark
Straatadres: DST-gebou, Gebou no. 53, WNNR Suid-hek ingang, Meiring Naude Weg, Brummeria, PRETORIA
E-pos: johanetta.clark@dst.gov.za
Tel: (012) 843-6784 / Faks: +27 12 349 1037

Vrae oor die wetlike en administratiewe aspekte van die SOA, die goedkeuringsproses en implementering van die Geïntegreerde bestuursplan kan gestuur word na Skaphase1@csir.co.za, en die span sal die navraag na die betrokke amptenare van die Departement van Omgewingsake (DEA) verwys.

Vrae oor die langtermyn navorsing en inwinning van data, wetenskaplike bewustheidsprogram en biosfeerplan kan gestuur word aan Skaphase1@csir.co.za, en die WNNR SOA-span sal die navraag na die deskundiges by die Suid-Afrikaanse Omgewings-observasienetwerk (in Engels South African Environmental Observation Network (SAEON)) verwys.

Die WNNR SOA-span sal meewerk om die navraag na die DST en die SAEON te verwys, maar sal nie verantwoordbaar gehou word vir enige vertraging van antwoorde vanaf hierdie instellings nie.

Kopieer asseblief die WNNR SOA-span per e-pos (Skaphase1@csir.co.za) as u vrae en kommentaar aan die SOA en DST stuur om te verseker dat alle navrae en aandeelhouers se insette aangeteken word in die SOA-proses.

2. Indien moontlik, bevestig asseblief watter webtuiste toepaslik is en vir hoe lank die geposte inligting toeganklik sal wees.

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 2:

Die SOA-webwerf www.skaphase1.csir.co.za is van toepassing en die inligting wat daarop gepos word sal beskikbaar wees tot die Finale Geïntegreerde Bestuursplan amptelik in die regeringsgazette deur die DEA geplaas is (verwagte datum van publikasie: 2017).

3. Sal vrae en antwoorde in beide Afrikaans en Engels beantwoord word?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 3:

Indien die vrae van belanghebbers in Engels ingedien en geadresseer is aan die WNNR SOA-span, sal die antwoord verskaf deur die SOA-span op sy beurt in Engels verskaf word. Indien die vrae van belanghebbers in Afrikaans ingedien en geadresseer is aan die WNNR SOA-span, sal die antwoord verskaf deur die SOA-span op sy beurt in Afrikaans verskaf word.

Antwoorde van DEA, DST, SKA en SAEON sal verskaf word in die taal verkies deur die DEA, DST, SKA en SAEON (Engels of Afrikaans).

4. Kan elke persoon se vraag of vrae direk op hul persoonlike e-pos, sowel op die amptelike webtuiste beantwoord word?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 4:

Vrae en antwoorde gestuur aan Skaphase1@csir.co.za of direk ingedien by die SOA-webwerf (www.skaphase1.csir.co.za) op die "Contact us/Kontak ons" bladsy sal aan die publiek beskikbaar gestel word by:

- in die vorm van 'n kommentaar en antwoordverslag wat op die SOA-webwerf gelaai sal word op die "Comments and Responses/Kommentaar en antwoorde" bladsy vroeg in 2016. Die kommentaar en antwoordverslag sal 'n samestelling wees van sleutelkwessies/kommentaar/insette van belanghebbers en die WNNR SOA-span se antwoorde op daardie kwessies;

  of

- in die vorm van alleenstaande pdf-dokumente wat op die SOA-webwerf gelaai sal word in die "Comments and Responses/Kommentaar en antwoorde" bladsy om die kommentaar/insette van aandeelhouers met die algemene publiek te deel.

Wanneer moontlik en uitvoerbaar, sal die WNNR SOA-span se antwoorde op aandeelhouers se spesifieke kommentaar na hulle e-posadres direk gestuur word (bykomend tot die pos daarvan op die SOA-webwerf). Dit sal egter afhang van die aantal vrae en kommentaar wat van aandeelhouers gedurende die SOA-proses ontvang word. In die geval waar 'n groot aantal kwessies/kommentare/insette van aandeelhouers ontvang word op 'n daaglikse/weeklikse basis, sal die antwoorde van die WNNR SOA-span aan die aandeelhouers verskaf word in die vorm van 'n kommentaar- en antwoordverslag wat op die SOA-webwerf gelaai sal word op die "Comments and Responses/Kommentaar en antwoorde" bladsy vroeg in 2016.

Die WNNR SOA-span kan nie verantwoordbaar gehou word vir die wyse waarop antwoorde van die DEA, DST, SKA en SAEON aan die aandeelhouers verskaf word nie.

5. Sou die antwoorde vereis dat die WNNR enige navorsing doen of deskundige advies daarvoor noodsaak, of wetenskaplie en/of tegniese inligting vereis, sal die WNNR asseblief alle relevante verwysings, dokumentasie en outeurs meld?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 5:

Indien die vrae van aandeelhouers ingedien en geadresseer is aan die WNNR SOA-span, sal die antwoord verskaf deur die SOA-span die toepaslike verwysings, dokumente en outeurs insluit.

Die WNNR SOA-span kan nie verantwoordbaar gehou word om te verseker dat die relevante verwysings, dokumente en outeurs ingesluit is in die antwoorde van die DEA,DST, SKA en SAEON nie.

6. Sal die WNNR plaaslik, nasionaal en internasionaal oor alle relevante instellings, regeringsdepartemente en regerings navorsing doen om sodoende volledig en gepas te antwoord?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 6:

Die WNNR SOA-span sal poog om ingeligte antwoorde te verskaf aan aandeelhouers se vrae en kommentaar oor die SOA-proses, SOA-verslae en spesialisstudies ingesluit in die SOA-proses, binne die beperkinge van beskikbare tyd en begroting. Die WNNR SOA-span kan nie verantwoordbaar gehou word vir die aard waarop antwoorde van die DEA, DST, SKA en SAEON verskaf word nie.

7. Sal alle vrae volledig beantwoord word, asook met 'n ware verbintenis om alle geinteresseerde partye en diegene wat navraag doen, tevrede te stel?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 7:

Die WNNR SOA-span sal poog om ingeligte antwoorde te verskaf aan aandeelhouers se vrae en kommentaar oor die SOA-proses, SOA-verslae en spesialisstudies ingesluit in die SOA-proses, binne die beperkinge van beskikbare tyd en begroting. Die WNNR SOA-span kan nie verantwoordbaar gehou word vir die aard waarop antwoorde van die DEA, DST, SKA en SAEON verskaf word nie.

8. Kan die WNNR tot volkome deursigtigheid verbind word?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 8:

Alle inligting gegenereer gedurende die SOA-proses sowel as die vrae wat in geskrewe vorm van die aandeelhouers ontvang word en die antwoorde verskaf deur die WNNR SOA-span en/of ander relevante partye sal openbaar gemaak word (sien antwoord op Vraag 4).

Die SOA wat onderneem om die SKA Fase 1 in SA te assesseer sal ’n oop en deursigtige proses volg en die insluiting van belanghebbers se insette in die assessering- en besluitnemingsproses fasiliteer. Die WNNR SOA-span sal verseker dat plaaslike belanghebbers, soos geïdentifiseer gedurende die SOA-proses en geregistreer op die SOA-databasis, ingelig is oor die SOA-proses, vergaderings en vrystelling van verslae/dokumente.

Insette van outoriteite, plaaslike belanghebbers en tegniese spesialiste wat gedurende die SOA-proses ontvang word, sal aan die publiek openbaar gemaak word om te verseker dat inligting gedurende die SOA-proses gedeel word (sien antwoord op Vraag 4). Dit is egter belangrik om te verstaan dat daar praktiese en finansiële beperkinge is by die betrokkenheid van alle potensiële relevante outoriteite, plaaslike belanghebbers en tegniese spesialiste binne die SOA-proses. Die belanghebbers se betrokkenheid het ten doel om kwessies vas te vang wat verteenwoordigend is van sosiale sektore eerder as van elke individu. Die SOA het nie ten doel, of is nie afgevaardig om konsensus tussen alle belanghebbers af te dwing nie. Die SOA-proses het ten doel om ’n platform te skep waarop die diversiteit van inligting en data openbaar gemaak word vir die assessering- en besluitnemingsproses.

Die WNNR is een van die leidende wetenskaplike en tegnologiese navorsing, ontwikkeling en implementeringsorganisasies in Afrika. Saamgestel deur ’n Akte van die parlement in 1945, as ’n wetenskaplike raad, onderneem die WNNR direktiewe en multidissiplinêre navorsing, tegnologiese innovasie sowel as industriële en wetenskaplike ontwikkeling om die lewenskwaliteit van die land se mense te verbeter. Die WNNR se belanghebber is die Suid-Afrikaanse Parlement, wat gevolmag is deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie.

Die WNNR is aangestel deur die DEA as ’n onafhanklike wetenskaplike liggaam om Strategiese Omgewing Assessering vir SKA Fase 1 te onderneem in steun van die Strategiese Geïntegreerde Projek (SIP) 16: “MeerKAT en SKA”. Die DEA het onderneem om die implementering van SIP’s te fasiliteer; wat ontwikkel is om vinnige ontwikkeling en groei van die sosiale en ekonomiese infrastruktuur in Suid-Afrika te bevorder, deur SOA’s te onderneem om aanpasbare assesseringsprosesse te identifiseer en die beplanning en ontwerp van die SIP’s in te lig hoe om die omgewing te beveilig.

Die SOA vir SIP 16 het ten doel om strategiese riglyne te verskaf en te verseker dat die ontwikkeling van die SKA Fase 1 Suid-Afrika in terme van die SIP 16 onderneem word op so ’n wyse dat die potensiaal van beduidende negatiewe impak op die natuurlike omgewing sowel as die sosiale en ekonomiese omgewing beperk sal word. Die sleuteldoelwitte van die SKA Fase 1 SOA is om:

- ’n platform te bied om navorsing en dataversameling binne die SKA-studiegebied te koördineer;
- aanpasbare assesseringsprosesse te identifiseer as deel van die magtigingsproses;
- te verseker dat omgewingsfaktore behoorlik oorweeg is; en
- te verseker dat omgewingsbeginsels geïmplementeer word tydens die strategiese beplanningsfase.

9. Is daar enige areas of onderwerpe betreffende SKA en die verskeie uitbreidingsfases, wat nie oop vir bespreking is nie of wat buite perke is?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 9:

Vrae en kommentaar oor enige aspekte (tegnies, administratief, wetlik en finansieel) van die SKA SA-projek sowel as enige kapasiteitsontwikkelingsplan en opvoedkundige programme moet geadresseer word aan:

Science Communication SKA SA,vir aandag Mnr. Lorenzo Raynard,
Straatadres: The Park, Park Road, Pinelands, 7450, Kaapstad, Suid-Afrika
E-pos: lraynard@ska.ac.za
Tel: +27 21 506 7319 (direk) / Tel: +27 21 506 7300 (skakelbord)

Kopieer asseblief die WNNR SOA-span per e-pos (Skaphase1@csir.co.za) as u vrae en kommentaar aan die SOA en DST stuur om te verseker dat alle navrae en aandeelhouers se insette aangeteken word in die SOA-proses.

10. Indien vrae en antwoorde via die internet nie bevredigend hanteer word nie, kan meer openbare vergaderings gereël word?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 10:

Die WNNR SOA-span beplan openbare vergaderings in Februarie 2016. 'n Aanvraag vir addisionele openbare vergaderings kan geadresseer word aan die SKA SA-span en DST:

Science Communication SKA SA,
vir aandag Mnr. Lorenzo Raynard,
Straatadres: The Park, Park Road,
Pinelands, 7450, Kaapstad, Suid-Afrika
E-pos: lraynard@ska.ac.za
Tel: +27 21 506 7319 (direk) / Tel: +2721506.
7300 (skakelbord)

DST Kommunikasie Direktoraat,
vir aandag Mev. Johanetta Clark
Straatadres: DST-gebou, Gebou no. 53, WNNR Suid-hek ingang, Meiring Naude Weg, Brummeria,
PRETORIA
E-pos: johanetta.clark@dst.gov.za
Tel: (012) 843-6784 / Faks: +27 12 349 1037

11. Kan toekomstige openbare vergaderings, veral die wat vir Februarie 2016 in Carnarvon, Williston, Brandvlei en Vanwyksvlei beplan word, beter deur die WNNR beplan word?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 11:

Die openbare vergaderings is bekendgemaak via die SOA-webwerf; e-posse is gestuur aan die belanghebbendes wat op die voorlopige databasis geregistreer is, plakkate is in dorpe soos Carnavon, Loxton, Van Wyksvlei, Williston en Brandvlei opgesit; aankondigings is op die DEA en SAEON-webwerwe geplaas.

Gedurende die openbare vergaderings wat tussen die 16de November en die 19de November gehou is, het belanghebbendes aanbeveel dat plakkate wat die openbare vergaderings aankondig by die BKB in Carnavon; by die WVK in Williston en by die KLK in Brandvlei opgerig word, bykomend tot dié wat by die biblioteke en munisipale geboue opgerig is. Daar is ook aanbeveel dat kennisgewings na plaaslike Boereverenigings en NGO's (nieregegringsorganisasies) gestuur word sodat die inligting tussen hulle lede versprei kan word. Daar is verder aanbeveel om radio aankondigings te doen op RSG (http://www.rsg.co.za/). Daardie aanbevelings is genoteer en sal geïmplementeer word in 2016 deur aangekondigde openbare vergaderings.

Bykomende insette en aanbevelings rakende meer toepaslike maniere om toekomstige openbare vergaderings en bymekaarkomplekke aan te kondig sal verwelkom word.

12. Kan julle asseblief die interaktiewe webtuiste met die bogenoemde vrae begin?

Antwoord van die WNNR SKA Fase 1 SOA-span op vraag 12: Besoek asseblief die SOA-webwerf by

www.skaphase1.csir.co.za